Ned Geref Gemeente Lyttelton-Oos

DIE HEROUT

Sondag, 22 Januarie 2012

Hartlik welkom in die erediens vanoggend

Webtuiste: www.lytteltonoos.org.za

SONDAG, 22 JANUARIE

3de Sondag ná Epifanie

Deurkollekte Motorwag

09:00: Erediens: Freddie Schoeman
09:00: Kindereredienste

MAANDAG, 23 JANUARIE

19:00: Taakspanne vergader

DINSDAG, 24 JANUARIE

09:00: Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 25 JANUARIE

17:00: Biduur

DONDERDAG, 26 JANUARIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 29 JANUARIE

4de Sondag ná Epifanie

09:00: Erediens: Freddie Schoeman
09:00: Kindereredienste
18:00 Informele Aanddiens/ Senior Kategese

MAANDAG, 30 JANUARIE

19:00 Bedryfspanvergadering (Begroting)

DINSDAG, 31 JANUARIE

09:00 Sustersbiduur/Bybelstudie

WOENSDAG, 1 FEBRUARIE

17:00 Biduur
18:00 Adoramusdiens

DONDERDAG, 2 FEBRUARIE

09:00 Bybelstudie Senior Lidmate

SONDAG, 5 FEBRUARIE

Deurkollekte Noodlenigingsfonds

09:00: Erediens: Freddie Schoeman **(Nagmaal)**
09:00: Kindereredienste
18:00 Informele Aanddiens/ Senior Kategese

MAANDAG, 6 FEBRUARIE

19:00 Bedieninge vergader

NUWE INTREKKERS

Ons wil julle graag so gou moontlik tuis laat voel en deel maak van ons geloofsgesin! Bly gerus na die diens agter dan ontmoet ons mekaar voor die kansel. Julle kan ook ds Freddie Schoeman (084 581 8139) of Max Amsenga (012 664 3629) skakel.

VOORBIDDING

- Jenelle Joubert, (dogter van Brigitte en kleinkind van Mara en Pieter) Van Riebeeckln 190 wat siek is.
- Retha Wessels, Krugerln 177 wat probleme het met haar rug.
- Kalman Kovaks, Van Riebeeckln 63 wat Woensdag geopereer word.
- Adolf Crafford, Hans Strijdomln 182. Dit gaan baie goed met hom. Hy bly nog onder observasie maar is binne perke fisies redelik aktief. (Hy kan homself ook al besig hou met ligte werkies!).

DANKBAAR ...

Ons deel graag in die vreugde van Frans en Marita de Jager met die goeie nuus oor hul seun Tiaan wie se gehoorprobleme opgelos is op ’n wonderbaarlike manier.

MEEGEVOEL

Ons innige meegevoel aan Shuan en Ruan Erasmus, Theodorestr 45 met die afsterwe van hul moeder Christa Stolz (voorheen Kilian). Sterkte ook aan Apie en Karin Erasmus.

Ons bid julle toe die nabyheid en liefde van die Here nou en in die dae wat kom.

PREEK : SONDAG 15 JANUARIE 2012
BARMHARTIGHEID

Ons leef in ‘n wêreld waarin dit toenemend al hoe moeiliker raak om te oorleef. Almal van ons beleef dat die tempo van die lewe al hoe vinniger raak en die kompetisie al hoe feller. Ons werk al hoe langer ure net om by te hou, om ons werk te behou, om kop bo water te hou. Die pas waarteen ons leef laat ons soms voel soos die rot op sy trapmeule – ons trap so hard as wat ons kan maar ons maak min merkbare vordering.

In die wêreld daarbuite is dit elkeen vir hom/haarself. Ons moenie dink dat iemand vir ons iets verniet sal doen nie. Elkeen vra: wat baat dit my? Wat kry ek daaruit? (Eng *What’s in it for me?*). Die kombinasie van die filosofie van individualisme en die kapitalistiese ekonomie gekoppel aan ons westerse waardestelsel van hoe meer hoe beter vorm ‘n dodelike kombinasie. Dit skep die toksiese atmosfeer waarbinne ons sukkel om asem te haal.

Dis die perfekte teelaarde vir misdaad, korrupsie – selfs moord. As ons hierdie prentjie op die groter doek van die nasionale en internasionale arena gooi dan kry ons opstand, rewolusie, oorlog.

Dit alles spruit voort uit die diepste wese van die mens. Biologies gesproke kom dit van ons primitiewe brein, ons reptielbrein – daardie deel van ons brein wat die mense in gemeen het met alle soogdiere en ook baie ander diere. Ons heel basiese instinkte, die instink vir veg en die emosie van aggressie, of die instink vir vlug of die emosie van vrees, of die instink vir oorlewing en die behoefte aan voedsel en om voort te plant, is in ons reptielbrein gesetel.

In hierdie opsig verskil die mense en die dier nie veel nie. Biologies gesproke is die mens een van die wêreld se vyf groot primate: gorillas, sjimpansees, die bonobo-aap, die oerang-oetang en ... die mens! Net soos hulle het ons die basiese brein, die reptielbrein.

Maar die mens is in wese nie ‘n aap nie. Toe die Here die mense gemaak het, het die Here aan die mens iets meer gegee: ons neokorteks wat baie groter en baie ingewikkelder is as dié van die ander primate. Dis die area van ons brein wat ons emosies beheer, wat keer dat ons emosies die oorhand kry. Dis die deel van die brein waarmee ons dink en dinge uitredeneer. Dis die rasionele area van ons brein. Die mens is ‘n rasionele wese. Ons is nie uitgelewer aan ons basiese instinkte nie.

Of liewer: ons is nie *veronderstel* om uitgelewer te wees aan ons reptielbrein nie. Ons is nie veronderstel om uitgelewer te wees aan basiese instinkte soos selfsug, magsug en hebsug nie. Maar ongelukkig het daar iets gebeur, dit leer die Bybel ons, wat bekend staan as die sondeval. Die Here het die mens gemaak as ‘n emosionele wese maar ook as ‘n rasionele wese. Ons het beide ‘n reptielbrein en ‘n rasionele brein – iets wat ons onderskei van diere. Dis reg en goed so dat ons beide breine het.

Maar die mens wou dinge anders hê. Die mense wou self in beheer wees. Daarom het die basie instinkte van die mens begin oorneem. Wat nou gebeur is dat ons ons neokorteks gebruik om uiting te gee aan ons vrees en ons woede en ons aggressie. Uit vrees en woede gebruik ons ons rasionele vermoë en ontwerp die atoombom. Ons ontwerp allerhande gesofistikeerde maniere om korrupsie te pleeg en mense seer te maak. (Mutually Assured Destruction – MAD)

Wat is die oplossing? Wat sê die Here in sy Woord?

Die Bybel help ons baie. Die Bybel vertel vir ons dat ons in Christus nuutgemaak word. In Christus kry ons ‘n DNA oorplanting. Ons word wat ons van die begin af veronderstel was om te wees.

Skriflesing: Kolossense 2:11

[11]Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook besny, nie met die besnydenis wat deur mense verrig word nie, maar met die besnydenis deur Christus, en dit bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens. [12]Dit het by die doop gebeur deurdat julle toe saam met Hom begrawe is. Deur julle verbondenheid met Hom is julle ook saam met Hom opgewek, omdat julle geglo het in die krag van God wat Hom uit die dood opgewek het. [13]Julle was dood deurdat julle gesondig het en deurdat julle sondige natuur nog nie weggeneem was nie. God het julle egter saam met Christus lewend gemaak deurdat Hy ons al ons sondes vergewe het.

Hierdie nuwe natuur stel ons in staat om gestalte te gee aan die Saligspreking in ons lewens.

Skriflesing: Matteus 5:3-10

In stede daarvan om in opstand te wees teenoor God begin ons besef dat ons radikaal van Hom afhanklik is. Ons begin dan op ‘n ander manier na die wêreld kyk ...

Ons het verlede week gefokus op barmhartigheid. Ons het gesien dat suiwer geluk spruit uit dade van barmhartigheid wat weer spruit uit deernisvolle kyk na die wêreld en mense wat in nood is en uit ‘n diep begeerte om iets te doen wat mense wat vasgevang is in die greep van selfsug, magsug en hebsug te help.

Maar hoe kweek en koester ons barmhartigheid? Hoe maak ons dit deel van ons lewenswyse? Dis waarmee ons verlede week afgesluit het.

Daar is baie mense wat sê dat dit nie moontlik is nie. Hulle meen dat die mens onherroeplik vasgevang is in die greep van selfsug. Richard Dawkins skryf in sy boek *The God Delusion* dat wat lyk na selflose gedrag eintlik maar selfsugtig is. Die groepe mense wat na mekaar omgesien het, het oorleef – die ‘omsien’ na mekaar was nie selfloosheid nie maar ‘n diep vorm van selfsug. Ateïste het oor die algemeen ‘n groot probleem met altruïsme (‘n ander woord vir selfloosheid). So was Christopher Hitchens, ‘n bekende ateïs wat onlangs oorlede is, genadeloos in sy kritiek teenoor iemand soos Moeder Theresa. Sam Harris, ‘n ander bekende ateïs probeer manmoedig (in sy boek *The Moral Landscape*) om te bewys dat wetenskap tog kan help om morele kwessies op te los, maar slaag myns insiens nie regtig nie.

Kan ons barmhartig wees? Kan ons eg selfloos – radikaal onselfsugtig – wees? Hoe?

Die antwoord is ja, ons kan. Ons kan dit wees want ons het saam met Christus gesterf en opgestaan het; want ons ou natuur is weggesny deur die besnydenis wat Christus op ons uitgevoer het. Ons leef nou met ‘n nuwe natuur. Dis die voorwaarde. Dit is dus ‘n ope vraag of ‘n Buddhis, ‘n Moslem, ‘n Hindoe dit kan wees ...

Kom ons kyk na die hoe-vraag. Hoe kweek ons barmhartigheid? Hoe gee ons gestalte aan die Saligsprekings in ons lewe?

Ons doen dit deur gebed – maar ‘n spesifieke soort gebed. Die gebed het 4 stappe:

1. Waardering
2. Meegevoel
3. Belydenis
4. Seëninge / Vreugde

Hierdie vier stappe word vier maal herhaal. Dink aan vier konsentriese

sirkels. Die binneste, kleinste sirkel is jyself. Die tweede sirkel is iemand vir wie jy lief is of baie voor omgee. Dit kan enige iemand wees, ‘n vriend of familielid, maar dit moet iemand spesifiek wees. Die derde sirkel is iemand wat jy goed ken maar teenoor wie jy nie sterk gevoelens na die een of ander kant toe het nie. Die vierde sirkel is iemand met wie jy nie ‘n goeie verhouding staan nie – ‘n vyand dalk of iemand met wie jy in konflik is. Dit kan iemand by die werk wees of selfs ‘n familielid.

Begin die gebed by jouself. Gaan dan deur die vier stappe met jouself. Eers: Waardering. Sê vir die Here dankie dat Hy jou gemaak het en dat Hy vir jou lief is. Word bewus van die Here se onmeetlik liefde vir jou. Word ook bewus van al jou goeie punte, jou liefde vir ander mense, jou vermoëns, al jou goeie dade in die verlede, jou prestasies. As jy die Ontdek jou Potensiaal seminaar gedoen het, herinner jouself aan jou sterk punte, jou vyf top talente.

Tweedens: Meegevoel. Dink aan dit wat met jou gebeur het; die pyn en die hartseer wat jy al beleef het; die beledigings en die onregverdighede wat jy al moes verduur; die verliese wat jy gely het en die teleurstellings wat jy gehad het. Die gedagte is nie om te verval in ‘n selfbejammeringsessie nie maar om ‘n egte gevoel van deernis teenoor jouself te ontwikkel.

Derdens: Word bewus van die gevoelens wat uit jou reptielbrein uit kom: selfsug, magsug en hebsug. Word bewus van jou vrese – vir ander mense, vir die toekoms – en word bewus van jou aggressie en woede teenoor mense. Word bewus van jou haat en weersin teenoor sekere mense. Word bewus van jou rassisme, jou bevooroordeeldheid en jou stereotipering van mense. Bely dit teenoor die Here. Sê dan vir jouself: dis nie wie ek werklik is nie, ek het ‘n nuwe natuur, in Christus is ek ‘n nuwe mens. Sê vir die Here dankie daarvoor. Beleef die vergifnis van die Here – en vergewe nou ook jouself.

Laastens: Word bewus van alles wat die Here vir jou gee. Word bewus van al die mooi wat jy al jou lewe beleef het, die vreugdes wat jy ervaar het, die sukses wat jy behaal het. “Tel” jou seëninge. Word bewus van die mense om jou wat vir jou lief is, jou ouers, jou kinders, jou familie, jou vriende.

Hoe meer jy barmhartigheid teenoor jouself ontwikkel, hoe meer kan jy dit ook teenoor ander mense doen. As jy hard op jouself is, gaan jy hard op ander wees.

Dan beweeg jy na die tweede sirkel: iemand vir wie jy lief is of omgee.

Waardeer daardie persoon. Sien daardie persoon se goeie punte raak. Dank die Here vir daardie persoon en wat daardie persoon vir jou beteken en dat daardie persoon in jou lewe is. Sien dan ook daardie persoon se pyn en hartseer / probleme raak en vra die Here om jou te wys wat jy kan doen om dit te verlig.

Beweeg dan voort na die derde en vierde sirkels.

Dit raak al hoe moeiliker soos wat ‘n mense na die buitenste sirkels beweeg. Dis besonder moeilike om jou vyand te waardeer. Dis nog moeiliker om meegevoel met jou vyand te hê soos wat ‘n mense na die buitenste sirkels beweeg. Dis besonder moeilik om jou vyand te waardeer. Dis nog moeiliker om meegevoel met jou vyand te hê. Om jou vyand te vergewe en om saam met hom / haar bly te wees vir die goeie dinge wat die Here vir hom / haar gee is seker die moeilikste. Miskien gaan jy dit aanvanklik nie regkry nie.

Moenie jouself te veel kasty nie, maar sluit altyd jou gebedstyd af met ‘n meditasie oor 1 Kor 13:

> *4 Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. 5 Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. 6 Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. 7 Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.*

Wat gaan gebeur as jy jouself kan dissiplineer om elke keer hierdie gebed te doen? Stel jouself voor die verandering wat daar in jouself gaan plaasvind. Stel jouself ook voor wat gaan gebeur as ons almal dit doen. Wat is die effek wat dit op die gemeente en op ons gemeenskap gaan hê? Dink aan die effek wat jy gaan hê op die mense naaste aan jou en ook op die mense by jou werkplek en ander plekke waar jy kom!

Die wêreld waarin ons leef is in nood. Die wêreld smag na barmhartigheid. Die wêreld smag na barmhartige dissipels van Jesus Christus. Kom ons vul die wêreld met barmhartigheid!

Ds Freddie Schoeman

GENADEWATER

Ek lees nou die dag ‘n storie van dubbele genade in aksie. Hier is my weergawe daarvan…

Die storie speel af in ‘n landelike gebied waar ‘n gesin op ‘n plaas woon. Die hele gebied loop erg deur onder ‘n uitmergelende droogte. Sake word vererger deur ‘n hittegolf wat hom in die gebied kom staan-maak het, wat lewe in die gebied amper ondraaglik maak.

Op die lande staan die gesaaides inmekaar gedraai van die hitte, die melkbeeste strompel moeg-moeg oor die dorre grasveld heen. Melkproduksie het feitlik tot stilstand gekom en die suipings is byna opgedroog. Die bietjie wild wat nog op die plaas voorkom kry ook bitter swaar en skuil bedags onder bome om van die ergste hitte weg te kom.

By die plaasopstal het ‘n klein seuntjie ‘n buitekraan oopgedraai om homself met die koel water uit die tuinslang af te koel. Toe sy pa dit sien, is hy ligweg berispe en is daar aan hom verduidelik dat die watervoorraad op die plaas feitlik gedaan is en dat hulle onder geen omstandighede water mag mors nie. As dit nie nou binnekort reën nie, is dit verby met hulle, die diere én die gesaaides.

‘n Dag of wat later staan die ma in die kombuis, besig om skottelgoed te was. Sweetdruppeltjies pêrel op haar bo-lip en kort-kort moet sy die sweet wat langs haar slape koers kry, afvee. Sy tuur deur die venster en in die verte sien sy haar klein seuntjie aan die rand van ‘n digte bos, waar hy in die bos in trapsuutjie. ‘n Frons keep tussen haar oë. Voor sy nog verder daaroor kan wonder, kom die seuntjie uit die bos gedraf, huppelend op pad huis toe. Sy sien hom om die hoek van die huis verdwyn en sy gaan weer rustig aan met haar skottelgoedjies. Nie lank nie of sy sien hom weer in die verte oppad bos toe. Hy stap stadig en versigtig in die rigting van die bos, met sy handjies vreemd bakhand voor hom uitgehou.

Sy kan die kind se eienaardige optrede nie verstaan nie. Sy maak haar voorskoot los en glip by die agterdeur uit – oppad bos

toe. Toe sy by die rand van die digte bos bome kom, hoor sy haar seutjie tussen die bome aankom en sy kruip stilweg agter ‘n paar bome weg. Hy draf by haar verby — weer oppad huistoe. Sy kan sien sy gesiggie is rooi gebrand en sy voorkop nat van die sweet. Tog, uit sy oë straal ‘n vreemde gloed van genoegdoening. Sy bly in die bos skuil om te sien of hy gaan terugkom. Sy wil graag vasstel waarmee hy so intens doenig is. ‘n Rrukkie later kom hy skuifelend met bakhandjies in die bos in, sy oë gefokus op sy hande. Hy merk haar nie op nie. Hy verdwyn tussen die ruie bome deur. Dadelik volg sy hom gebukkend, versigtig om nie haar teenwoordigheid te verklap nie.

‘n Paar tree verder kom sy tot stilstand. Wat sy sien slaan haar stom. Sy kan haar hart hoor hammerslag in haar borskas en in haar ore is ‘n suising. Sy kan nie glo wat sy sien nie. In ‘n natuurlike opening in die bos staan ‘n reuse blouwildebeesbul kop omlaag en ‘n entjie verder kring ‘n paar wildebeeskoeie, koppe na binne. Haar seun skuifel steeds bakhand, sonder enige vrees nader aan die kring koeie wat ‘n natuurlike pad vir hom oopmaak.

Sy wil gil van angs – hierdie diere het die vermoë om hom in ‘n oogwink te vermorsel – veral die bul. Tog is dit asof ‘n stem haar weerhou om te gil. Haar lyf is lam, haar keel droog. Sy sien hoe die koeie effens padgee om die kring oop te maak. In die middel van die kring sien sy ‘n jong wildebeeskalfie wat op die grond lê. Die versengende hitte het sy tol geëis en die kalfie lê verswak op die grond. Sy sien haar seuntjie naderloop en uit sy bakhandjies laat hy die laaste oorblywende druppels water in die kalfie se bek drup. Die bul en koeie laat hom begaan. Dan besef sy meteens dat hy die hele tyd probeer om met sy handjies water aan te dra vir die uitgeputte kalfie. Sy sien hoe hy opstaan en met mening weer die pad huistoe vat. Sy staan op vanwaar sy hom uit haar skuiling dopgehou het toe hy slegs ‘n paar tree voor haar is.

Hy skrik hom boeglam toe hy haar sien. Die eerste gedagte waaraan hy op daardie oomblik dink is sy pa se strenge vermaning dat hulle onder geen omstandighede water mag vermors nie. Nog voor hy kan verduidelik neem sy ma hom aan die hand en sê “Kom ek help”. Net dit. Terug by die huis haal sy ‘n klein emmertjie uit, tap dit vol water en kies saam met haar seun die pad bos toe. Toe sy by die plek kom vanwaar sy hom ‘n

rukkie vantevore uit haar skuilplek dopgehou het, gaan sy staan. Sy gee vir hom die emmertjie water en beduie vir hom woordeloos om na die kalfie te gaan. Hierdie is amper ‘n heilige oomblik vir haar. Hier bly sy uit, dis SY oomblik hierdie. Wéér maak die koeie die kring oop en sien sy hom kniel by die kalfie wat homself stadig oplig en op sy wankelrige bene kom. Die kalfie begin suip.

Sy voel lou-warm trane in haar oë opwel en onbeskaamd langs haar wang afloop. Voor haar sien sy die mooiste daad van liefde en genade ontvou. Dis liefde en genade in aksie – ‘n eerste genade. Dis asof tyd gaan stilstaan het. Hoe lank sy so gestaan en kyk het na die toneel wat voor haar afspeel, weet sy nie. Dit kon ‘n paar minute wees of dit kon ‘n ewigheid wees. Sy word tot die werlikheid teruggeroep met ‘n klomp dinge wat tegelykertyd gebeur. Haar eerste gewaarwording is dat die son agter wolke in verdwyn. Waar dit vandaan kom, kan sy nie begryp nie. Terselfdertyd staan haar seuntjie vanuit sy knielhouding af op en draai om na haar. Sy gesiggie is die ene vreugde wanneer hy die leë emmertjie optel en stadig na haar toe stap. Dan hoor sy die dreuning van die weer en die blare begin ritsel as die wind deur die blare begin speel.

Trane van dankbaarheid vloei vryelik oor haar wange. Sy neem haar seuntjie se hand in hare en draai woordeloos om, oppad terug huistoe. Voor hulle die huis haal, plons vet druppels water uit die hemel neer – ‘n tweede genade. Dis so asof die Vader sy seën wil uitstort omdat ‘n klein seuntjie kom stilstaan het by nood.

Om my en jou beweeg daar daagliks sovéél mense wat dors het - dors het vir ‘n bietjie begrip, aandag en ontferming. Mense wat seer in hulle ronddra.

As ons tog net partykeer met ‘n tikkie meer deernis die dag tegemoed wil gaan, om soms net by ‘n kollega, ‘n vriend of vriendin, selfs jou huweliksmaat of kind kan gaan stilstaan en luister wat hulle regtig vir jou sê (nog beter – dit wat hulle nie sê nie). Dis dán wanneer ons genadewater begin uitdeel. Ons kan nie altyd in die behoeftes van ander voorsien nie, maar ons kan met ‘n bietjie tyd wat ons kan afknyp, ‘n oor wat hoor en ‘n paar sagte woorde, ‘n groot verskil daar buite maak.

Mag ons voetspore hierdie week getuig van stilstaanplekke by dié wat ons paaie mee kruis. Mag dit getuig van deernis, liefde en begrip.

Ralph Waldo Emmerson het eenkeer gesê:

"Die grootste geskenk wat jy kan gee, is 'n stukkie van jouself".

Kom ons maak hierdie week 'n gee-week. Dit kos niks nie.

DIE VERGETE BEDIENING

Josef het die liggaam geneem en dit in skoon linne toegedraai en dit daarna neergelê in sy eie nuwe graf wat hy in die rots uitgekap het (Matt 27:59-60).

Groot klem word geplaas op die besondere en liefdevolle bediening aan siekes en sterwendes en hulle dierbares. Wanneer 'n persoon ernstig siek is en sy familie omring is deur belangstellende vriende wat hulle hulp en gebede aanbied, is hierdie blyke van deelneming lofwaardig. Maar wat gebeur wanneer die dood intree?

Die behoeftes van 'n gesin wat 'n geliefde deur die dood verloor het, is net so groot, indien nie groter nie, as gedurende die siekte. Nou is die tyd wanneer hulle op baie maniere ondersteun moet word. Daar is baie dinge wat gedoen moet word en besonderhede wat aandag moet kry. En dis gewoonlik onaangename, tydsame dinge wat nie in die kalklig kom nie.

Om hierdie take ter wille van die bedroefde gesin te onderneem roep om spesiale toewyding aan 'n bediening wat moeilik, maar altyd die moeite werd is. Dit is die tyd wanneer die familie nog deur skok verlam is en simpatieke, gesonde advies benodig, sowel as 'n sterk skouer om op te leun. Moet nooit van hierdie bediening wegdeins nie, want daardeur bewys jy 'n daad van Christelike liefde wat nie onder woorde gebring kan word nie. Dit sal die onmeetlike waardering geniet van hulle vir wie jy bedien het en jy sal jou Here daardeur vereer.

(Oorgeneem uit: ¨Die lewe van oorwinning! – Solly Ozrovech)

NUWE AANDDIENS
29 JANUARIE 2012

Hiermee nooi ons solank al ons gemeente lede na ons nuwe aanddienste vanaf 29 Januarie 2012. Ons gaan baie sing saam met Ongetwyfeld (aanddiens orkes) en informele dienste hou. Ons eerste diens skop af met ’n preekreeks aangebied deur Ds André Viljoen.

Die dienste gaan redelik informeel en baie gesinsvriendelik aangebied word. Jonk tot oud is welkom.

Na die diens sal daar koffie beskikbaar wees en tyd vir informele gesprekke in die sitkamer – (langs die bokamer in die saal).

Ons vra asseblief almal se gebede vir die nuwe bediening en sy span.
Vir enige navrae en idees kontak Sandra 086 111 7368
[Ons kort dringend ‘n klawerbord en iemand wat dit kan bespeel. Kontak Sandra]

BEDRYWIGHEDE KLUB IMMERGROEN

Ons wens almal ‘n baie voorspoedige 2012 toe. Ons bede is dat Klub Immergroen met die genade van bo, van krag tot krag sal gaan en soos in die verlede kan staatmaak op die Gemeente se ondersteuning.

25 JANUARIE: Ons bak koeksisters vanaf 08:30 en as daar pesone is wat graag wil help, meld net aan!

Ons vra dat persone wat bestellings wil plaas, asseblief sal uitkyk vir Ria Briedenhann na die diens. Sy sal beskikbaar wees by die sydeur — by die paadjie na die sentrum toe. U kan haar ook skakel by (012) 644 0663 ***VOOR*** Vrydag 20 Januarie.

SATERDAG, 11 FEBRUARIE: ‘n **OGGEND-TEE** word aangebied om 10:00. Hou nou reeds die datum oop vir hierdie eerste geleentheid van die jaar. Dit is ‘n gesellige byeenkoms.

KLUB IMMERGROEN
BESTUURSVERGADERING

Ons herinner die bestuur aan die vergadering Dinsdag 24 Januarie na die Sustersbiduur/Bybelstudie.

2 VAKATURES: MAATSKAPLIKE WERKERS

1. CHRISTELIK MAATSKAPLIKE RAAD ELARDUSPARK 6/8-pos [Alle metodes]

Werksgebiede: Elarduspark, Wingatepark, Rietvallei en Waterkloof-plotte

2. CHRISTELIK MAATSKAPLIKE RAAD FAERIE GLEN 5/8-pos [Alle metodes]

Werksgebiede: Faerie Glen, Garsfontein, Olympus, Wapadrand-Oos, Rietfontein plotte. Valley Farms, Lynnwoodpark, Zwawelpoort

DIENSAANVAARDINGS: **01/02/2012**

POSVEREISTES:

Geregistreerde maatskaplike werker
Statutêre ondervinding sal 'n aanbeveling wees
Geldige bestuurderslisensie
Salarispakket: Onderhandelbaar
Navrae en aansoeke: Mev H van der Merwe
Tel. [012] 361 4613;
Faks. [012] 361 4625

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: **25 Januarie 2012**

Henda van der Merwe
Direkteur
CMR GAUTENG-OOS
Reg.nr 10-09831

VAKATURE: SEKRETARIEëL/ADMIN KLERK [5/8]

Werkgewer: CMR Faerie Glen
Werksgebied: Faerie Glen
Diensaanvaarding: 01/03/2012
Posvereistes:

Ten minste Graad 12 & 2-3 jr boekhou ervaring is 'n sterk aanbeveling

Pastelopleiding vir postering

Algemene rekenaargeletterdheid [Excel]

Sterk administratiewe vaardighede

Passie vir CMR [Christelike Maatskaplike Raad] en sterk kommunikasievaardighede

Salarispakket: Onderhandelbaar

Navrae en aansoeke: Mev H van der Merwe,

e-pos: henda@cmroos.co.za / info@cmroos.co.za

Tel. [012] 361 4613 Faks.[012] 361 4625

PREEKREEKS

Verander jou Lewe

Hoe om 'n hoë-kwaliteit lewe te leef

WANNEER: 19 FEBRUARIE – 25 MAART 2021

Lewenskwaliteit. Die meeste mense wil graag 'n hoë kwaliteit lewe leef – 'n lewe wat voluit geleef word en regtig die moeite werd is. Baie min mense kry dit reg – slegs 7% om die waarheid te sê. Om so 'n lewe te leef moet die regte basis gelê word. Dis gewoonlik hier waar dinge skeef loop. In die meeste van ons se lewensfondamente is daar krake. Daar is dinge wat nie reg is nie. Sekere aspekte van ons lewens kort ernstige aandag.

Ons kan nie ons lewens uitmekaar haal en in afsonderlike houers plaas nie. Elke faset van ons lewens beïnvloed elke ander faset. Ons gesondheid het 'n invloed op ons finansiële welwese; ons loopbaan en ons werk het 'n invloed op ons verhoudings. Ons verhoudings beïnvloed ons weer gesondheid. Ons kan nie werk as ons nie gesond is nie. Finansiële bekommernisse demotiveer ons en beïnvloed ons verhoudings én ons gesondheid. Gesamentlik het elke faset 'n invloed op lewenskwaliteit.

Die goeie nuus is: Die Here se oogmerk met ons is 'n lewe in oorvloed (Joh 10:10), met ander woorde 'n hoë-kwaliteit lewe. Daarom wil Hy ons daarmee help. Hy wil ons lewens heelmaak. Hoe presies Hy dit doen is die onderwerp van hierdie preekreeks.

KOM ONTDEK:

- **Wat die geheim van 'n hoë kwaliteit lewe is.**
- **Wat die verskil is tussen 'n lewe in oorvloed en 'n middelmatige lewe.**
- **Hoe om die meeste uit jou lewe te haal.**
- **Wat die vyf kernareas van ons lewens is wat ons lewenskwaliteit bepaal**
- **Wat die ses veranderingsfaktore is wat ons help om gedragspatrone en lewensgewoontes te verander.**

BELANGRIKE DATUMS
EERSTE KWARTAAL 2012

Teken dit solank in jou dagboek aan!

GROEIGROEPE—Middel Februarie 2012

Wees deel van groep gelowiges wat mekaar aanmoedig, ondersteun en inspireer om te groei as mens en as gelowige.

Wanneer: Middel Februarie—Middel Mei en dan weer Middel Augustus—Middel November
Kontak: Tian Dry (0823206477)

NUWE AANDDIENS BEGIN—29 Januarie 2012

Kom dien die Here op ‘n informele manier met lofprysing en aanbidding en kom drink uit die lewende water van die Woord. Kuier na die tyd saam en gesels oor God se werk in jou lewe. Nooi soveel as moontlik vriende en familie vir hierdie besondere afskopgeleentheid.

Kontak: Sandra Meyer (0823748923)
Waar: Kerkgebou

ADORAMUSDIENSTE—1 FEBRUARIE 2012

Beleef die Here deur in stilte te fokus op sy teenwoordigheid, na te dink oor sy Woord en deur meditatiewe liedere saam te sing.

Wanneer: Eerste Woensdag van die maand in skoolkwartaal (sien almanak)
Waar: Kerkgebou
Tyd: 19:00

ONTDEK JOU POTENSIAAL—5 FEBRUARIE 2012

Met watter besondere talente het die Here jou toegerus? Wat is daar wat jy beter as die meeste mense kan doen? En hoe kan jy dit gebruik in jou werk, jou gesin, jou verhoudings, in die gemeente ens.? Hierdie seminaar help jou om dit te ontdek.

Wanneer: Sondag 5 Februarie 2012
Tyd: 11:00—17:30
Koste: R190 vir gemeentelede (R290 vir nie-gemeentelede)
Waar: Gemeentesentrum

GEMEENTEKAMP—10-12 FEBRUARIE 2012

Daar is min dinge so opbouend en verfrissend as 'n naweek saam met mede-gelowiges. Kuier lekker om 'n kampvuur, maak saam iets te ete, luister na 'n insiggewende praatjie, stap saam, speel saam, lag saam ...

Wanneer: 10-12 Februarie 2012
Waar: Dieselfde plek as laas (!)
Kontak: Minari Nel 0843178820
Koste: So min as moontlik

PARKNIEK—17 FEBRUARIE 2012

Ons hou piekniek in Fleurpark en ons nooi die hele gemeenskap om dit saam met ons te doen. Dis 'n geleentheid om mekaar te leer ken en heerlik saam te kuier.

Wanneer: Vrydagaand 17 Februarie vanaf 18:00
Waar: Fleurpark
Kontak: Voorloping Tania Roos (0815566274) - Ons soek egter vyf mense om dit te reël.

REEKS: VERANDER JOU LEWE—19 FEBRUARIE 2012

Krepeer jy of floreer jy? Ontdek die geheim van 'n hoë kwaliteit lewe en deel dit ook met ander deur hulle uit nooi na hierdie reeks. Dit sal tydens die oggend– en aanddienste aangebied word.

Wanneer: Elke Sondag 19 Februarie tot 15 Maart 2012
Groeigroeptemas vir hierdie tydperk sluit hierby aan.

ASWOENSDAG

Die belangrikste tyd in die kerkjaar, die herdenking van Jesus se kruisiging en opstanding, word voorafgegaan deur 'n tyd van gebed, vas en sondebelydenis. Hierdie tyd, bekend as Lydenstyd, begin met Aswoensdag op 22 Februarie 2012.

Wat: Aswoensdagdiens (Nagmaal)
Wanneer: 22 Februarie 2012
Tyd: 19:00

GROOT LYDENSWEEK EN PAASFEES—1 APRIL—8 APRIL 2012

Die hoogtepunt van die herdenking van Jesus lyding en opstanding begin met die viering van Jesus se intog in Jerusalem met Palmsondag op Sondag 1 April. Eredienste vind plaas elke aand van dié week met 'n Nagmaalsviering op Donderdag 5 April.

Palmsondag: 1 April Erediens om 09:00
Maandag: 2 April Erediens om 19:00
Dinsdag: 3 April Erediens om 19:00
Woensdag 4 April Erediens om 19:00
Nagmaal: 5 April om 19:00
Goeie Vrydag: 6 April Erediens om 09:00
Paassondag: Erediens om 09:00

VERJAARSDAE 22 TOT 28 JANUARIE 2012

01/23	Sj	Swart	Clifton Place 17
01/23	Steven	Swart	Df Malanln 121
01/25	Leoné	Du Preez	Krugerln 16
01/26	Natie	Ferreira	Hans Strijdomln 193
01/26	Johann	Iske	Charis 14 Basdenln 228
01/26	Caria	Oelofse	Van Riebeeckln 17
01/26	Tania	Oelofse	Van Riebeeckln 17
01/26	Jan	Sterk	Monumentsig 6
01/26	Antoinette	Van Rensburg	Krugerln 73.
01/27	Matré	Schoonraad	Krugerln 85
01/28	Charn	Broekhuizen	Hans Strijdomln 9
01/28	Susan	Hough	Df Malanln 203A
01/28	Ryno	Van Staden	Cantonmentsweg 11

HUWELIKHERDENKING

22 Januarie — Bennie en Yolandi van Niekerk, Elangeni 9



Skakel my vir die koop
en verkoop van eiendomme
in
Lyttelton, Kloofsig en
Pierre van Ryneveld

TUISONDERRIG EN
NASKOOLSORG 2012
LYTTELTON-OOS

Registreer nou!

Gespesialiseerde toesig, remediërende hulpverlening ingesluit (lees, spelling, skryf, wiskunde), versnelde onderrig vir skolastiese agterstande.

KONTAK: Frans 082 871 5115
of Marlene 082 818 7441